

BESTUURSOORSIG

1 INLEIDING

Die Departement van Mineraalhulpbronne en Energie (DMRE) het op 22 November 2022 'n prospekteringsregaansoek wat deur De Beers Consolidated Mines (Pty) Ltd (DBCM) ingedien is aanvaar. Die aansoek is vir die onderneem van aflandige diamantprospekteringsaktiwiteite in Suid-Afrikaanse Seegebied 4C en 5C langs die Weskus van Suid-Afrika (sien Figuur 1). Die aansoek is ingedien in terme van Gedeelte 16 van die Mineraal- en Petroleumhulpbronne Ontwikkelingswet, 2002 (No. 28 van 2002; MPRDA) (soos gewysig).

In terme van die Omgewingsimpakbepaling (OIB) Regulasies, 2014 (soos gewysig), gepromulgeer in terme van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (No. 107 van 1998; NEMA), benodig 'n aansoek om 'n prospekteringsreg ook Omgewingsmagtiging van die bevoegde gesag, die Minister van Mineraalhulpbronne en Energie (of aangewese gesag), om die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite te onderneem. 'n Aansoek om Omgewingsmagtiging, in terme van NEMA, is terselfdertyd as die prospekteringsregaansoek by DMRE ingedien. Vir DMRE om 'n aansoek om Omgewingsmagtiging te oorweeg moet 'n Basiese Bepalingsproses onderneem word.

SLR Consulting (South Africa) (Pty) Ltd (SLR) is deur De Beers Marine (Pty) Ltd (DBM) namens DBCM, aangestel as die onafhanklike omgewingsevalueringspraktisyn om aan die relevante vereistes van NEMA en die OIB Regulasies, 2014 (soos gewysig) te voldoen en om 'n aansoek om Omgewingsmagtiging te voltooi.

Die konsep Basiese Bepalingsverslag en Omgewingsbestuursprogram (EMPr) is vir 'n 30-dae publieke oorsig- en kommentaarperiode vrygestel vanaf 4 Junie tot 5 Julie 2021. Die aansoek om Omgewingsmagtiging is vervolgens tydelik opgeskort hangende 'n interne appèlproses aangaande die aansoek om 'n prospekteringsreg in terme van die MPRDA. Soos hierbo genoem is die Prospekteringsregaansoek sedertdien deur DMRE aanvaar en ontvangs van die oorspronklike Aansoek om Omgewingsmagtiging op 29 November 2022 erken.

Aangesien die projekvoorstel onveranderd gebly het, word die vorige verspreiding van die konsep Basiese Bepalingsverslag vir publieke oorsig en kommentaar beskou as 'n pre-aansoekproses vir die Aansoek om Omgewingsmagtiging. Die geskrewe kommentaar wat gedurende die vorige kommentaarperiode op die konsep Basiese Bepalingsverslag ontvang is, is saamgevat en op gereageer in 'n Kommentaarverslag, wat by hierdie verslag aangeheg is (sien Aanhangsel C4). Alle beduidende veranderinge aan die konsep Basiese Bepalingsverslag is onderstreep en in 'n ander lettertipe (Times New Roman) as die res van die teks.

Hierdie verslag vervat die proses wat gevolg is en die bevindinge van die Basiese Bepalingsproses tot op hede.

2 GELEENTHEID OM KOMMENTAAR TE LEWER

Hierdie opgedateerde konsep Basiese Bepalingsverslag is vir 'n 30-dae kommentaarperiode vrygestel **vanaf 4 Februarie tot 6 Maart 2023** om aan Belanghebbende en Geaffekteerde Partye 'n geleentheid te bied om kommentaar te lewer op enige aspek van die Basiese Bepalingsproses en die voorgestelde projek. Die volle verslag is beskikbaar op die SLR webblad (<https://www.slrconsulting.com/en/public-documents/debeers-4c5c>) en deur 'n verniet-data skakel (<https://slrpublicdocs.datafree.co/en/public-documents/debeers-4c5c>).

Enige kommentaar moet aan SLR gestuur word by die onderstaande adres, telefoonnommer of e-posadres.¹ Vir kommentaar om ingesluit te word by die finale Basiese Bepalingsverslag moet dit SLR **teen 6 Maart 2023** bereik.

Mnr Nicholas Arnott
SLR Consulting (South Africa) (Pty) Ltd
5de Verdieping, Letterstedt House, Newlands on Main Gebou,
Nuweland, 7700
Tel: (021) 461 1118 / 9
SMS / WhatsApp: 063 900 5536
Projek e-pos: DBM-4C5C@slrconsulting.com

Na afloop van die kommentaarperiode sal alle kommentaar saamgevat word in 'n Kommentaarverslag. Die kommentaar wat ontvang word sal oorweeg word in die saamstel van die opgedateerde Basiese Bepalingsverslag wat by DMRE ingedien sal word vir oorweging en besluitneming.

Nadat DMRE 'n besluit geneem het sal alle geregistreerde belanghebbende partye in kennis gestel word van die uitkoms van die aansoek en die redes vir die besluit. 'n Statutêre appèlproses in terme van die Nasionale Appèlregulasies, 2014 sal volg na die uitreik van die besluit.

3 BASIESE BEPALINGSPROSES


3.1 Aansoek om Omgewingsmagtiging en Prospekteringsreg

DBCM het op 9 Februarie 2021 'n aansoek om 'n prospekteringsreg in terme van die MPRDA by DMRE ingedien. 'n Aansoek om Omgewingsmagtiging in terme van NEMA is terselfdertyd by DMRE ingedien. Die Prospekteringsregaansoek is na die afloop van 'n interne appèlproses op 22 November 2022 deur DMRE aanvaar. Die Aansoek om Omgewingsmagtiging is vervolgens op 29 November 2022 aanvaar.

3.2 Spesialisstudies

Twee spesialisstudies is onderneem om die potensiële kern kwessies en impakte aan te spreek wat a.g.v. die voorgestelde projek mag plaasvind. Hierdie spesialisstudies was: 1) Mariene Dierelwe en 2) Visserye. 'n Onderwater Erfenisstudies is voorheen deur DBM aangestel om die Seegebiede te ondersoek en hierdie inligting is ook by die verslag ingesluit. Die spesialisstudies het die insamel van data relevant tot die identifisering en assessering van omgewingsimpakte ingesluit. Die impakte is geassesseer na aanleiding van 'n skaal en gepaste maatreëls is aanbeveel vir die versagting van potensiële impakte en bevordering van voordele.

¹ Dit word aanvaar dat as u u Persoonlike Inligting verskaf om as 'n Belanghebbende te registreer vir hierdie Projek u aan SLR die toestemming gee om u inligting as deel van 'n projekdatabasis vir hierdie en/of ander Sosiale en Omgewingsimpakstudies te stoor en dat u bevestig dat SLR u mag kontak aangaande hierdie en/of ander Sosiale en Omgewingsimpakstudies. SLR sal u inligting slegs gebruik soos toegelaat of vereis deur Sosiale en Omgewingsimpakstudieprosesse of soos wetlik of na aanleiding van openbare beleid vereis. SLR sal redelik en gepaste sekuriteitsmaatreëls gebruik om u inligting te beskerm en te verhoed dat u enige skade ly a.g.v. ongemagtigde toegang tot u inligting, buiten vir die gebruik daarvan in die Sosiale en Omgewingsimpakstudieprosesse of soos wetlik vereis. U mag enige tyd versoek dat u Persoonlike Inligting van die projekdatabasis verwyder moet word deur met SLR in verbinding te tree per e-pos of op skrif by die bostaande adres.



Figuur 1: Ligging van die 4C en 5C Prospekteringsregarea langs die Weskus van Suid-Afrika, met die uitsluiting van die Namaqua Fossielwoud Mariene Beskermdede Gebied.

3.3 Saamstel van die konsep Basiese Bepalingsverslag vir Oorsig

Hierdie konsep verslag is saamgestel in ooreenstemming met Aanhangsel 1 van die OIB Regulasies, 2014 (soos gewysig). Die bevindinge van die spesialiste en ander relevante inligting is saamgestel in hierdie konsep Basiese Bepalingsverslag wat 'n Omgewingsbestuursprogram (EMPr) insluit.

Hierdie verslag poog om alle inligting in 'n duidelik verstaanbare formaat weer te gee vir maklike interpretasie deur belanghebbende partye en owerhede en bied 'n geleentheid vir belanghebbendes om kommentaar te lewer op alle aspekte van die voorgestelde projek, sowel as die bevindinge van die impakbepaling.

3.4 Publieke Deelname

Die volgende stappe is as deel van die vorige publieke deelnameproses onderneem:

- 'n Voorlopige databasis van belanghebbende partye is saamgestel, bestaande uit owerhede (staatsdepartemente met jurisdiksie in die area, munisipale kantore en wyksraadslede), Nie-Regeringsorganisasies, Gemeenskapsgebaseerde Organisasies en ander kern belanghebbendes met 'n potensiele belang in die voorgestelde projek.
- Eksemplare van die volle verslag en Bestuursoorsig is beskikbaar gestel op die SLR webblad (www.slrconsulting.com/debeers-4c5c), sowel as op die verniet-data skakel wat deur belanghebbendes gebruik kon word om die konsep Basiese Bepalingsverslag verniet af te laai (<https://www.slrpublicdocs.datafree.co/public-documents/debeers-4c5c>).
- Advertensies is in plaaslike koerante geplaas in Engels en Afrikaans.
- Plakkate is in publieke plekke in Port Nolloth opgesit.
- 'n Kennisgewingsbrief is aan alle geregistreerde belanghebbendes op die projekdatabasis gestuur via e-pos en pos (waar e-posadres nie beskikbaar was nie) om hul in kennis te stel van die publieke deelnameproses. Die brief het ook die beskikbaarheid van die konsep Basiese Bepalingsverslag vir 'n 30-dae kommentaarperiode aangekondig en belanghebbendes uitgenooi om kommentaar te lewer op enige aspekte van die verslag en voorgestelde projek. Die brief het 'n skakel na die SLR webblad ingesluit waardeur belanghebbendes die Bestuursoorsig en konsep Basiese Assesseringsverslag kon aflaai.

Die bykomende publieke deelnameproses wat onderneem is sal in die finale Basiese Assesseringsverslag weergegee word.

4 PROJEKBESKRYWING

4.1 Algemene Inligting

Inligting vir die projekbeskrywing is deur De Beers verskaf. Die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite sal binne Seegebied 4C en 5C langs die Weskus van Suid-Afrika onderneem word. Die Seegebiede is ongeveer 470 km noord van Kaapstad geleë, binne die kusgebied tussen 2.5 en 5 km seewaarts vanaf die kus. Aktiwiteite sal egter tipies in areas van tussen 70 m en 160 m waterdieptes gefokus word. Port Nolloth is 10 km noord van Seegebied 4C geleë en Hondekliplaai is 50 km suid van See gebied 5C geleë. Die afluende grens is tussen ongeveer 140 tot 180 km afluend geleë (verwys na Figuur 1). **Gegewe die ligging van die Seegebiede en aard van die voorgestelde aktiwiteite word geen effek op kusaktiwiteite verwag a.g.v. die prospekteringsaktiwiteite nie.**

Die Prospekteringsregarea is 926 468.017 ha groot en sluit die Namaqua Fossielwoud Mariene Beskernde Gebied uit in Seegebied 4C.

4.2 Behoefte en Wenslikheid

In die onlangs gepubliseerde DMRE Strategiese Plan 2014-2019, noem die voorwoord deur die Minister van Mineraalhulpbronne dat die Departement “*sal voortgaan om mineraal waardetoevoeging te bevorder om die interaksie tussen ontginningsindustrie en nasionale sosio-ekonomiese ontwikkelingsdoelstellings te versterk*”.

Hierdie projek poog om ekonomies lewensvatbare diamantbronne op die vastelandsplat langs die Noord-Kaapse kus te identifiseer met die voorneme om waarde te verkry uit die geïdentifiseerde aflandige mineraalhulpbronne en by te dra tot die bestaande diamantmyensektor in die Noord-Kaap.

4.3 Projekoorisig

Die prospekteringsaktiwiteite sal in fases onderneem word, met elke fase afhanklik van die resultate van die vorige fase. Dit word beoog dat twee fases oor 'n vyf-jaar periode as volg sal plaasvind.

Fase 1 behels eksplorasiemonsterneming (b.v. kern en / of wydverspreide monsters) in teikenareas van belang, wat verfyning van die definisie van die teikenareas sal moontlik maak. Geofisiese opnames mag ook onderneem word. Sou die resultate van die opname(s)/monsterneming potensiaal aandui, mag verdere opvolgmonsterneming en invulopnames onderneem word om vas te stel wat die verspreiding van die diamantagtige materiaal is.

Sou geologiese kenmerke van belang geïdentifiseer word sal 'n besluit geneem word om voort te gaan met Fase 2, al dan nie. Fase 2 behels 'n tegno-ekonomiese studie wat beskikbare monsters en geofisiese data sal gebruik om te assesser of die bronne in Seegebied 4C en 5C ekonomies ontginbaar is. Fase 2 behels slegs 'n analise van beskikbare data en word dus nie verder in hierdie verslag bespreek nie.

4.3.1 Geofisiese Opnames

Die geofisiese opname toerusting sal vanaf 'n gespesialiseerde skip ontplooi word wat gepas is vir die waterdiepte en geselekteerde opnamemetode. Die 2D geofisiese sisteme kan van verskeie platforms ontplooi word (sien Figuur 3-1), soos 'n gesleepte sisteem, skipgemonteer, paalgemonteer, outomatiese onderwatervoertuie (AUV) of outomatiese oppervlakvoertuie (ASV). Die AUV (sien Figuur 3-2) word gebruik vir opnames in areas waar die spasiering van opnamelyne ongeveer <100 m uitmekaar is. Die gesleepte 2D opnames sal 'n enkele gesleepte kabel (hidrofoonkabel) behels. 3D Opnames vir DBM word onderneem met die AUV en al die sensors op die platform. Dit is in teenstelling met die 3D opnames wat vir petroleumeksplorasiem gebruik word en veelvuldige gesleepte kables gebruik.

Die volgende tegnieke is beskikbaar vir voorgestelde streekswyge geofisiese opnames:

- Multistraal batimetrie (insluitende terugkaatsing);
- “Sub-bottom profiler” stelsels;
- Sy-skandering sonarstelsels (“side-scan”);

- Elektriese, Magnetiese en Elektromagnetiese stelsels.

4.3.2 Monsterneming

Eksplorasiemonsterneming sal onderneem word vanaf 'n gespesialiseerde skip in waterdieptes wat wissel van 70 m tot 160 m. Die beplande monsternemingstegniek sal van die nuutste tegnologie wat aan DBM beskikbaar is gebruik maak.

Afhangende van die uitkoms van die vorige fase sal monsters in 'n vaste patroon oor 'n geïdentifiseerde teikenarea versamel word. Monsters mag langs lyne van 10 m tot 500 m uitmekaar versamel word, met die spasiëring gebaseer op die geologiese aard van die teikenarea. Moontlike tegnieke wat gebruik word sluit in: kernmonsterneming, gebruik van 'n subsee monsternemingsinstrument en 'n vertikaalgemonteerde monsternemingsinstrument.

Vir die doeleindes van hierdie assessering word dit aanvaar dat tot 22 500 monsters geneem sal word binne die potensiele neerleggingsarea(s) gedurende die 5 jaar van prospektering. Die monsterspasiëring vir die aanvanklike wydverspreide eksplorasiemonsterneming sal afhang van die grootte van die geologiese struktuur. Die daaropvolgende spasiëring sal na verwagting tipies tussen 50 en 200 m uitmekaar wees. Die maksimum potensiele kumulatiewe area van versteuring sal ongeveer 0.225 km² wees (gelykstaande aan 'n onbeduidende klein persentasie (0.002%) van die oorhoofse prospekteringsregarea), maar dit sal nie 'n aaneenlopende area beslaan nie.

4.4 Oorweging van Alternatiewe

4.4.1 Lokaliteitsalternatiewe

Die intensie van die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite is om te bepaal of daar 'n ekonomies lewensvatbare diamantbron binne Seegebied 4C en 5C is. Dit volg dus dat daar geen lokaliteitsalternatiewe as deel van die Basiese Assesseringsproses oorweeg word nie.

4.4.2 Die "No-Go" alternatief

Die "No-Go" alternatief beteken dat die voorgestelde projek nie onderneem sal word nie. Die negatiewe implikasies van nie voortgaan met die voorgestelde projek nie is as volg:

- Verlore geleentheid om vas te stel of daar verdere lewensvatbare diamantbronne teenwoordig is;
- Verlore geleentheid vir sosio-ekonomiese voordele verwant aan die voortsetting van prospekteringsaktiwiteite; en
- Verlore ekonomiese geleenthede.

Die positiewe implikasies van die "No-Go" opsie is dat daar geen effekte op die biofisiese omgewing in die area van die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite sal wees nie.

5 GEAFFEKTERDE OMGEWING

5.1 Fisiese Omgewing

Seegebied 4C en 5C val binne die suidelike sone van die Benguela Seestroom streek en word gekenmerk deur die koue Benguela opwellingstelsel. Die dominante suidelike en suidoostelike winde in die somer dryf die massiewe afluende beweging van oppervlaktwater wat sterk opwelling van voedingsryke bodemwaters tot gevolg het. Hierdie voedingsryke bodemwaters bevorder primêre produksie en die Weskustreek ondersteun gevolglik aansienlike pelagiese visserye.

5.2 Biologiese Oseanografie

Seegebied 4C en 5C val in een van die nege biostreke, naamlik die koue gematigde Namaqua Biostreek. Gemeenskappe binne mariene habitate is grootliks alomteenwoordig regdeur die suidelike Afrika Weskustreek, slegs spesifiek tot substraattipe of dieptes. Hierdie biologiese gemeenskappe bestaan uit etlike honderde spesies wat dikwels aansienlike tydelike en ruimtelike variasie toon (selfs op 'n klein skaal).

Die visspesies wat heel moontlik in die area teenwoordig is sluit hoofsaaklik die groot pelagiese spesies in (bv. tuna, snoek, swaardvis en pelagiese haaie) wat deur die suidelike oseane migreer tussen die oppervlak en diep water (>300 m).

Die meeste seevoëls in die streek bereik die hoogste digtheid afluend van die bankrant (200 tot 500 m diepte), alhoewel sommige spesies in die Seegebiede aangetref mag word. Mariene soogdiere wat in die area mag voorkom sluit in: robbe, Heaviside dolfin, vaaldolfin, migrerende boggelrugwalvis en suidelike noorkapperwalvis.

5.3 Menslike Verbruik

Die Seegebiede het beperkte oorvleueling met, of is aanliggend tot visvanggronde geleë wat verwant is aan die seabodem langlyn, tradisionele lynvis en paal-en-lyn kommersiële visserye. Seabodem visserye oorvleuel slegs in die diepste gedeeltes van Seegebied 4C en 5C, dieper as die huidige areas van belang vir prospekteringsaktiwiteite. Tradisionele lynvisvangste is nog nie binne die Seegebiede aangeteken nie. Paal-en-lyn kommersiële visvang vind vlakker as die 100 m dieptelyn plaas met beperkte vangste aangeteken binne Seegebied 4C en 5C. Kleinskaalse visvangregte is naby aan die kus geleë. Die visvanggronde van die kreefsektor is kuswaarts van die Seegebiede geleë. Kleinskaalse lynvisvang mag moontlik strek tot binne die vlakwater areas van Seegebied 4C en 5C, alhoewel dit onwaarskynlik is om verder as 3 seemyl vanaf die kus te strek. Seegebied 4C en 5C oorvleuel nie met enige van die ander visvangsektore nie.

Skeepsverkeer is grootliks beperk tot die buitenste rant van die kontinentale bank met die verkeer kuswaarts van die bankrant langs die Suidweskus grootliks bestaande uit die vissersbote, veral tussen Kleinsee en Oranjemund. Die oorhoofse skeepsverkeer sal beperk wees tot die westelike gedeeltes van die Seegebiede. Eksplorasië vir olie en gas word tans in 'n aantal lisensieblokke langs die Weskus onderneem. Daar is tans geen ontwikkeling of produksie afluend langs die Suid-Afrikaanse Weskus nie. 'n Aantal voorgestelde prospekteringsareas vir gloukoniet en fosforiet / fosfaat is langs die Suidweskus geleë, almal suidwaarts van Seegebied 4C en 5C. 'n Aantal mariene diamant prospekterings- en seemynareas is ook naby aan Seegebied 4C en 5C geleë.

Seegebied 4C en 5C oorvleuel met die Namaqua Fossielwoud MPA, alhoewel die MPA uitgesluit is vanaf die prospekteringsregaanzoek en daar geen geofisiese opnames en monsternemingsaktiwiteite daar sal plaasvind nie. Die Namaqua Fossielwoud EBSA ('n gedeelte daarvan sluit die Namaqua Fossielwoud MPA in) lê binne Seegebied 4C en 5C.

5. OMGEWINGSIMPAKASSESSERING

Tabel 1 verskaf 'n opsomming van die belang wat toegeskryf is aan elke potensiële impak van die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite.

Tabel 1: Opsomming van die belang van die potensiële impakte verwant aan die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite en die “No-Go” Alternatief.

Potensiële Impak	Belang	
	Sonder versagting	Met versagting
<i>Impak van Afvalstorting vanaf Skepe na die See:</i>		
Dekdreinerings	BL	BL
Masjinerie Ruimte Dreinerings	BL	BL
Riool	BL	BL
Kombuisafval	BL	BL
Soliede Afval	ONBED	ONBED
<i>Impak op Mariene Dierelwe:</i>		
Akoestieke Impakte:		
Geofisiese Opnames	BL	BL
Monsterneming	BL	NVT
Elektromagnetiese Impakte van die Geofisiese Opnames	ONBED	ONBED
Versteuring en Verlies van Seebodemdierelwe	BL tot L	BL
Dood van Seebodemdierelwe gedurende neem van Monsters	BL	BL
Genereer van Sedimentpluime	BL	NVT
Versmoring van Seebodemdierelwe deur Storting van Sedimentmonsters		
Herverspreiding van monsters op sagte-sediment makrofauna	BL	NVT
Herverspreiding van monsters op rotsgemeenskappe	L	BL
<u>Skeepsbeligting op pelagiese dierelwe</u>	<u>BL</u>	<u>BL</u>
Botsing met Projekskepe en Toerusting	BL	BL
Potensiële verlies van Toerusting	BL	BL
Helikoptergeraas	BL	BL

Potensiële Impak		Belang	
		Sonder versagting	Met versagting
Impak op Ander Gebruikers van die See:			
Visserye	Uitsluit van die tradisionele lynvissektor, paal-en-lyn, kleinskaalse visserye	ONBED	ONBED
	Uitsluit van visserye navorsing	BL	GEEN IMPAK
	<u>Potensiële Impak van Opname Geraas op Vangste</u>	<u>BL</u>	<u>NVT</u>
	Impak van sedimentpluime op visgetalle	BL – ONBED	NVT
Mariene mynbou en prospektering		ONBED	ONBED
Petroleumeksplorاسie		BL tot L	BL
Mariene transportroetes		ONBED	ONBED
Sosio-Ekonomiese Impak:			
Impak op Kulturele Erfenismateriaal		M	ONBED
Impak verwant aan werkskepping en bedryfsgeleenthede		<i>BL+</i>	<i>BL+</i>
“No-Go” Alternatief:			
Verlore geleentheid om vas te stel of daar 'n lewensvatbare aflandige diamanthulpbronne langs die Weskus is en die verlore ekonomiese geleentheid.		L	NVT
Kumulatiewe Impak:			
Seebodem (bentiese) Omgewing		ONBED	
<u>Akoestiese Impakte</u>		<u>L</u>	
Visvangaktiwiteite		BL	
<u>Impak verwant aan werksgeleentheid en bedryfsgeleentheid</u>		<u>BL+ - L+</u>	

BH=Baie Hoog H=Hoog M=Medium L=Laag BL=Baie laag Onbed = Onbeduidend NVT= Nie van toepassing

6. GEVOLGTREKKINGS

Die meerderheid van die impakte verwant aan die skeepsoperasies sal van korte duur wees en beperk tot die onmiddellike monsternemingsareas. Die meerderheid van die impakte verwant aan die opname- of monsternemingskepe word gevolglik geag as van **ONBEDUIDENDE** of **BAIE LAE** belang na versagting.

Potensiële impakte op mariene dierelewe a.g.v. die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite sal van medium- tot korte duur wees en beperk tot die onmiddellike opname-/monsternemingsareas. Die impakte op mariene dierelewe verwant aan die prospekteringsaktiwiteite word gevolglik oor die algemeen geag as van **ONBEDUIDENDE** tot **BAIE LAE** belang na versagting.

Die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite sal potensieel 'n impak hê op die seebodem langlyn, paal-en-lyn, tradisionele lynvis en kleinskaalse visvangsektore, sowel as vissery navorsingsopnames a.g.v. die implementering van die vereiste veiligheidsones rondom die opname- / monsternemingskip. Dit is egter onwaarskynlik dat hierdie impak sal plaasvind en dit sal van korte duur en beperk wees tot klein gedeeltes

van die oorhoofse 4C en 5C Seegebied. Die impak word gevolglik as van **ONBEDUIDENDE** belang geag. Deur met DFFE in verbinding te tree om te verseker dat die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite die beplande navorsingsopnames vermy sal daar **GEEN IMPAK** wees nie. Geen impakte word op die ander kommersiële visvangsektore verwag nie.

Die waarskynlikheid om 'n skeepswrak te versteur is baie laag, met inagneming van die omvang van die Suid-Afrikaanse afluende area. In die geval dat enige kulturele erfenismateriaal versteur word gedurende die neem van monsters, sal die impak op nasionale vlak en van hoë intensiteit wees. Sonder die implementering van versagtingsmaatreëls sal die impak van Medium belang wees. Met die implementering van versagtingsmaatreëls sal plekke van kulturele erfenisbelang grootliks vermy word en as aktiwiteite tydelik gestaak word in die onwaarskynlike geval dat 'n skeepswrak aangetref word kan argeologiese ondersoek onderneem word en die impak dus beskou word as van **ONBEDUIDENDE** belang.

Die implikasies daarvan om nie met die voorgestelde projek voort te gaan nie is verwant aan die verlore geleentheid om vas te stel of daar 'n lewensvatbare afluende diamantbron langs die Weskus is en die verlore ekonomiese geleentheid. Die potensiële impak van die "No-Go" Alternatief word beskou as van **LAE** belang. Die positiewe implikasies van die "No-Go" opsie is dat daar geen effekte op die biofisiese omgewing in die prospekteringsarea sal wees nie.

7. AANBEVELINGS

7.1 Nakoming van Omgewingsbestuursprogram en MARPOL 73/78 standaarde

- Alle fases van die voorgestelde projek moet die spesifikasies van die Omgewingsbestuursprogram (in Aanhangsel E) nakom; en
- Die projek- en ondersteuningskepe moet aan die MARPOL 73/78 standaarde voldoen.

7.2 Kennisgewing en Kommunikasie met kern belanghebbendes

- Voor die begin van die voorgestelde aktiwiteite moet DBCM of die aangestelde operateur met die bestuurders van die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DFFE) se navorsingsprogram in verbinding tree om hul opnameprogram te bespreek en die geleentheid om die prospekteringsprogram aan te pas om enige ontwrigting vir beide partye te vermy, waar nodig;
- Voor die begin van die aktiwiteite, stel oorvleuende en naburige petroleumreghouers in kennis, sowel as naburige mineraalprospekterings- of mynreghouers, om te verseker dat daar geen oorvleuende aktiwiteite in dieselfde area oor dieselfde tydperk plaasvind nie;
- Stel relevante staatsdepartemente en ander kern belanghebbendes in kennis van die begin van die monsterneming (insluitende navigasie koördinate, tydperk en duur van voorgestelde aktiwiteite) en die beperkings verwant aan die aktiwiteite. Belanghebbendes sluit in:
 - Visvangindustrie / verenigings:
 - > Suid-Afrikaanse Tuna Vereniging;
 - > Suid-Afrikaanse Tuna Langlynvereniging;
 - > Suid-Afrikaanse Diepsee-Treilindustrie Vereniging (SADSTIA);

- > Suid-Afrikaanse Lynvisverenigings;
- > SA Mariene Lynvis Bestuursvereniging (SAMLMA);
- > Stokvis Langlynvereniging;
- > Nasionale Klein, Medium en Mikro-Onderneming (SMME) Visvangforum; en
- > Weskus Klipkreef Seebestuursvereniging (indien enige aktiwiteite in water vlakker as die 100 m dieptelyn sou plaasvind).
- Verteenwoordigers van kleinskaalse plaaslike visvangkoöperatiewe;
- Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (SAMSA);
- DFFE, insluitende die visserye navorsingsbestuurders en die Skeepsmonitering, Kontrole en Toesig (VMS) Eenheid;
- Transnet Nasionale Hawe Owerheid (Kaapstad en Saldanhabaai hawens, waar van toepassing);
en
- Voor die begin van aktiwiteite, stel die SAN Hidrografiese Kantoor in kennis en versoek dat 'n Kennisgewing aan Seevaarders uitgestuur word met die koördinate van die geografiese of monsternemingsareas met die vereiste veiligheidsone om die opname of monsternemingskip vir die duur van die aktiwiteite.
- Stel die SAN Hidrografiese Kantoor in kennis wanneer die aktiwiteite voltooi is die die Navigasiewaarskuwing gekanselleer kan word.

7.3 Stortings oorboord

- Verseker dat brandstof veilig gestoor word om waterbesoedeling te voorkom;
- Verseker dat alle bemanningslede opgelei word om besoedeling/stortings te voorkom;
- Lae-toksisiteit bio-afbreekbare seep en gepaste absorberende middels (waar moontlik herbruikbare absorberende lappe) moet vir die skoonmaak van alle dekstortings gebruik word; en
- Verminder die storting van kombuisafval in die geval waar mariene dierelewe duidelik gelok word.

7.4 Skeepseewaardigheid en veiligheid

- Skepe wat gedurende prospektering gebruik word moet gesertifiseer word vir seewaardigheid deur 'n gepaste internasionaal-erkende mariene sertifiseringsprogram (bv. Lloyds Register, Det Norske Veritas).
- Radar, multi-frekwensie radio, mishorings, ens. moet gebruik word om botsings te voorkom. Veiligheidstoerusting en oplei van personeel om veiligheid en oorlewing van bemanningslede te verseker in die geval van 'n ongeluk is 'n verdere wetlike vereiste.

7.5 Skeepsvaart

- Skeepsoperateurs moet uitkyk vir mariene soogdiere en seeskilpaaie in die pad van die skip.

- Hou by 'n spoed van 10 knope (18 km/hr) wanneer sensitiewe mariene diere in die omgewing teenwoordig is.

7.6 Geofisiese Opnames

- 'n Mariene Soogdierwaarnemer (MMO) moet aangestel word om te verseker dat versagtingsmaatreëls gedurende die geofisiese opname geïmplementeer word.
- Aanboord MMOs moet op die uitkyk wees vir die teenwoordigheid van walvisse en dolfyne rondom die opnameskip voor die begin van die akoestiese impulse.
- Pre-opname observasies moet vir 15 minute onderneem word voor die begin van die opname.
- "Soft starts" (sagte begin) van 20 minute moet onderneem word vir enige toerusting waar die geraasvlakke meer as 210 dB re 1 μ Pa by 1 m is om genoeg tyd te gee aan mariene soogdiere om die area te verlaat. Vir toerusting met geraasvlakke van meer as 210 dB re 1 μ Pa by 1 m wat nie in staat is tot "soft starts" nie sal gesamentlik met toerusting wat "soft starts" kan implementeer gebruik word en slegs aangeskakel word sodra die "soft start" voltooi is.
- Staak die opname indien mariene soogdiere duidelik geïmpakteerde gedrag toon binne 500 m van die opnameskip of toerusting totdat die soogdier die area verlaat het.
- Waar moontlik, beplan die geofisiese opnames buite die periode waartydens migrerende walvisse (spesifiek baleenwalvisse) vanaf hul suidelike voedingsareas beweeg (begin Junie tot einde November), en verseker dat migrasieroetes nie deur sonaropnames geblok word nie. Aangesien geen seisoenale teenwoordigheidspatrone bekend is vir dolfyne binne die eksplorasië area nie word 'n voorkomende benadering deur die hele jaar aanbeveel.
- Verseker dat passiewe akoestiese monitering (PAM) tydens enige opnames gedurende Junie en November gebruik word.
- Gebruik die standaard operasionele prosedure om die elektromagnetiese bronsender op te warm (dus gelykstaande aan die opbou van stroom in 'n elektrisiteitsbron). Dit word aanbeveel dat die elektromagnetiese bron oor 'n minimum periode van 20 minute opgebou word.
- Skakel die elektromagnetiese bron af wanneer dit nie data insamel nie.
- Gebruik die laagste veldsterktes wat benodig word vir die suksesvolle onderneem van die elektriese, magnetiese en/of elektromagnetiese opname.
- 'n Nie-toegewyde mariene soogdierwaarnemer (MMO) moet op die uitkyk wees vir mariene soogdiere agter die skip wanneer spanning verloor word op die gesleepte toerusting. Trek die toerusting so gou moontlik op of herwin die spanning op die gesleepte toerusting.
- Sou 'n walvis verstrengel raak in die gesleepte toerusting moet die "South African Whale Disentanglement Network" (SAWDN), wat deur DFFE gevestig is, gekontak word vir spesialis bystand om die diere te bevry.

7.7 Neem van Monsters

- Afstandwaarnemingsdata moet gebruik word om 'n analise van die seabodem te onderneem om rotsagtige gedeeltes sonder 'n sedimentlaag te identifiseer. Eksplorasiemonsterneming fokus op gruiskolle in ongekonsolideerde sedimente en nie die rotsagtige gedeeltes sonder 'n sedimentlaag nie.

7.8 Kulturele Erfenismateriaal

- Areas waar skeepswrakke gevind word gedurende die geofisiese opnames moet uitgesluit word voordat die sedimentmonsters geneem word;
- Die DBCM/DBM verteenwoordigers aanboord moet 'n kort kursus ondergaan vir die uitken van argeologiese plekke en artefakte, sowel as die proses wat gevolg moet word sou argeologiese materiaal gedurende die opname gevind word;
- Die skeepsoperateur moet in kennis gestel word dat argeologiese plekke gevind mag word gedurende die neem van sedimentmonsters, sowel as van die prosedure wat gevolg moet word sou argeologiese materiaal teekom word; en
- Indien skeepswrakmateriaal gevind word gedurende monsterneming in die prospekteringsarea moet die volgende maatreëls geïmplementeer word:
 - > Stop werk in die direk geïmpakteerde area om skade aan die wrak te verhoed totdat SAHRA in kennis gestel is en DBM voldoen het aan enige bykomende maatreëls soos gespesifiseer deur SAHRA; en
 - > Waar moontlik, neem foto's van artefakte en teken die datum, tyd, ligging en tipe aan. Onder geen omstandighede mag artefakte verwyder, vernietig of versteur word nie, tensy dit in terme van 'n SAHRA permit gedoen word.

8. OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM

Die EMPr is vir die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite saamgestel en vat bestuursaktiwiteite saam wat benodig word om kwessies en versagtingsmaatreëls wat in die Basiese Assesseringsverslag geïdentifiseer is aan te spreek. Die EMPr is as Aanhangsel F by die hoof verslag ingesluit.